

© Die Oratorium Uitgewery

# ST. THOMAS VAN AQUINO
## 28 JANUARIE

(1225-1274)

Gebore uit die hoogste adel word hierdie briljante Dominikaanse priester een van die grootste filosowe en teoloë van alle tye. Dit was hy wat die gedagtegoed van die antieke Griekse wysgeer, Aristoteles, met Christelike teologie saamgeweef het om geloof en rede tot 'n wetenskap te verhef waar beide saamwerk om God se Openbaring en die hoogste waarhede van die lewe en menswees beter te kan begryp. Sy invloed duur vandag nog voort. Sy bekendste werk is die *Summa Theologiae*, wat 'n uitgebreide uiteensetting van die Christelike geloof behels. Hy word vereer as Kerkleraar.